Is die Afrikaners'n Verbondsvolk - Geloftes ?

Is die konsep dat die Afrikaners 'n verbondsvolk is, soos sommige glo, skriftuurlik? Is daar vandag, behalwe Israel, nog ander uitverkore nasies? Ek glo nie, want volgens die Nuwe Testament bestaan God se "volk" vandag uit alle wedergebore Christene, ongeag van ras of nasie:

> *"...want U is geslag en het ons vir God gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie"* (**Op.5:9**).

Hierdie groep geredde mense word in die Nuwe Testament Sy Ekklesia, Sy kerk, genoem (**Hand.11:26, 1Kor.15:9**). Alhoewel etniese identiteit nie deur geestelike wedergeboorte uitgewis word nie, speel dit in terme van Bybelse realiteite 'n ondergeskikte rol. Vanaf 'n Nuwe Testamentiese pespektief is alle gelowiges nou deel van God se hemelse koninkryk. Na sy bekering ag Paulus die feit dat hy 'n toegewyde Israeliet uit die stam van Benjamin en 'n Hebreër was, gering, want na sy geeselike ervaring van wedergeboorte, skryf hy:

> *"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus..."* **(Fil.3:20).**

> *"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus"* (**Gal. 3:28**).

Vanaf 'n Bybelse oogpunt gesien bestaan daar geen statusverskille tussen gelowiges nie:

> *"Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar **dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is"*** (**Hand.10:34-35**, my beklemtoning).

Is die Afrikaner 'n verbondsvolk?

Gereformeerde Calvinistiese teologie dra grootliks daartoe by dat baie Afrikaners hulself as 'n uitverkore volk beskou. Hulle oortuiging word gebou op die feit dat hulle geleer word dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het en dat volgens die uitverkiesing en deur rituele soos die besprinkeling van suigelinge en kerkaanneming, hulle deel van 'n uitverkore verbondsvolk word. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*, een van hulle amptelike belydenisskrifte, stel dit so:

> *"...en dat Hy afgeskaf het die besnydenis wat met bloed plaasgevind het en in die plek daarvan verorden het die Sakrament van die Doop waardeur ons in die Kerk van God ontvang word en van alle ander volke en vreemde godsdienste afgesonder word om geheel en al Sy eiendom te wees..."* (Deel XXXI).

Gewoonlik word lering aangaande die noodsaaklikheid van geestelike wedergeboorte as 'n vereiste om deel te word van die liggaam van Christus, nie beklemtoon nie.
Volgens dié teologie wat gebaseer word op die verbond wat God met Abraham gemaak het (**Gen.12-17**) word daar ook geglo dat die kerk die plek van Israel ingeneem het en dat die beloftes wat op Israel betrekking het, nou oorgegaan het op die kerk. Daar word nie ingesien dat God se verbond met Abraham 'n ewige verbond is wat net betrekking het op sy fisiese afstammelinge nie. Die land Israel waarvan die grense gespesifeer word, was 'n integrale deel van die verbond tussen God en Abraham en sy afstammelinge, vgl:

> *"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n **ewige verbond**, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting..."* (**Gen. 17:7-8).**
>
> *Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier :* (**Gen. 15:18-21).**

Omdat die feit dat Israel die enigste verbondsvolk is en dat groot gedeeltes van die Ou Testament net betrekking het op die Jode, nie in aanmerking geneem word nie, word sekere Ou Testamentiese skrifgedeeltes uit konteks, geïnterpreteer. Die misbruik van **2 Kronieke7:14** is hiervan 'n goeie voorbeeld.

> As " .... *my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en **hulle land genees**"* (My beklemtoning).

Hierdie skrifgedeelte word dikwels gebruik as motivering vir gebedsbyeenkomste om vir die redding van die land te bid. In die konteks van **2 Kronieke 7:14** is die land waarvan gepraat word nie Suid-Afrika, maar Israel. Die ewige verbond met sy beloftes wat God met Israel gemaak het, het net betrekking op hulle en dit is verkeerd om dit op Suid-Afrika of op enige ander land, behalwe Israel, van toepassing te wil maak. In die dispensasie van die Nuwe Testament is die klem nie op die redding van nasies nie, maar op die bekering van die individu:

> *"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus..."* (**Fil. 3:20).**
>
> *"(hulle) het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was"* **(Heb.11:13).**

'n Ander voorbeeld van verkeerde skriftoepassing is om op grond van **Jesaja 66:8** te verklaar (soos daar op 'n groot byeenkoms gedoen is) dat Suid-Afrika in een dag gered gaan word! Die konteks toon aan dat die volk waarna in hierdie skrifgedeelte verwys word, weereens Israel is wat in die eindtye met die verskyning van hul Messias, skielik tot bekering gaan kom.

Verkeerde interpretasie van Bloedrivier, 16 Desember

Die boodskap van Bloedrivier is nie dat God die Trekkers bygestaan het omdat hulle blank was nie, maar omdat hulle hul vetroue in Hom gestel het; dit was nie Afrikaners teen swartes nie, maar dit was geloof teen ongeloof! Die Afrikaner soos ons hom vandag ken, het tydens Bloedrivier nog nie eens bestaan nie. Die groep by Bloedrivier was hoofsaaklik Hollanders en die feit dat die gelofte in Hollands afgelê is, bevestig dit. Afrikaans het in 1838 as 'n erkende taal nog nie bestaan nie. (Die eerste Afrikaanse Bybel het eers in 1933 verskyn).
Die feit dat Bloedrivier 'n voorbeeld is van God wat geloof in Hom eer, kan deur enige gelowige gevier word, selfs deur 'n Zulu gelowige! In plaas daarvan dat alle gelowiges deur

die voorbeeld van Bloedrivier geseën word, word dit gewoonlik uitgebuit om 'n politiese en 'n nasionalistiese saak te bevorder, iets waarvoor dit gladnie bedoel is nie.

Kan 'n persoon volgens die Nuwe Testament, 'n vebond namens iemand anders met God sluit?

Nie net het niemand die reg om namens iemand anders 'n verbond met God te sluit nie, Jesus leer dat 'n persoon nie eers namens homself dit moet doen nie:

> *"Maar Ek sê vir julle:* ***Sweer hoegenaamd nie****—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.* ***Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee****. Wat meer as dit is, is uit die Bose***" (Matt. 5:34-37,** my beklemtoning**).**

Alhoewel ek glo dat Sarel Celliers baie opreg was, kon die gelofte net diegene betrek wat fisies by Bloedrivier teenwoordig was en dit persoonlik vir hulle self kon aflê. Daar was baie Hollanders wat op die tydstip van die gelofte hulleself op ander plekke in die land bevind het en wat op daardie tydstip nie eers bewus kon gewees het van die slag wat by Bloedrivier aan die gebeur was nie.

> *"Die vaders mag nie vir die kinders, en die kinders mag nie vir die vaders gedood word nie; elkeen moet vir sy eie sonde gedood word"* (**Deut. 24:16**
>
> *"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wee*s" (**Eseg.18:20).**
>
> *"Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. Want elkeen sal sy eie pak (verantwoordelikheid) dra."* **(Gal 6:4-5).**

Slotsom

Sarel Celliers se geloofslewe kan as 'n inspirasie vir alle gelowiges dien en op 16 Desember herdenk word, maar sekere elemente van die gelofte, soos byvoorbeeld om die nageslag daarmee te bind en om aan te dring dat dié dag as 'n sabbat onderhou moet word, is onskriftuurlik:

> *"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan* ***of sabbat nie****...maar die liggaam behoort aan Christus.* **(Kol.2:16-19).**

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com